

25 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 17:20-37

Fokusgedeelte: NGB, Art 37

Christus se terugkoms – die tyd is onbekend

Bêre maar die kalenders, sakrekenaars, tydkaarte en slim boeke van verklaarders wat hierdie of daardie geheime kode of insig ontdek om die gebeure van die toekoms te onthul. “Die koms van die koninkryk van God kan nie uit voortekens bereken word nie.” Dit is Christus self wat so sê in vers 21! Vir ons is sý dag onbekend.

Wat wél bekend is, is dat alles op daardie dag so doodnormaal soos enige ander dag sal wees. In die middel van ’n troue, ’n ete, terwyl jy jou inkopies wegpak, Sewende Laan of ’n rugbywedstryd kyk, of in die bad sit, kom die Here (vers 27-28). Niemand sal jou hoef te kom roep nie; jy sal sommer net weet, ontwyfelbaar: DIE HERE IS HIER (vers 24)!

Hierdie onbepaalbare, onbekende, gewone dag is egter die dag van die krisis. Dit is die dag van skeiding, die dag van “saamgeneem” word of “agtergelaat” word (vers 34-35), na die hemel of die hel. As jy ernstig is oor jou ewige toekoms het jy geen keuse nie, jy moet eenvoudig aanvaar dat VANDAG die dag van Christus se terugkoms is. Gaan voort om dit elke dag vir jouself te sê: “Die Here kom vandag!”

Hoe leef ’n mens dán? Jy leef soos die man in Lukas 16 wat in die lig van die dag van afrekening begin het om weg te gee (vers 1-8). In die wete dat die lewe self ’n geskenk van Christus is begin jy elke oggend opnuut met ’n lewe van prysgee en opoffering tot eer van God. Saans sal jy verstom staan oor hoeveel MÉÉR lewe daar skielik is! Oefen só elke dag vir dié dag as jy skielik alles moet los, jou lewe moet “verloor” en wegstap die ewigheid in, om alles te “behou” (vers 33).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)